# Les 18 KONINGSKINDERS: DIE HERE WYS DAT Hý BESLUIT VIR WIE HY GOED IS EN VIR WIE HY SLEG IS, NIE DIE FARAO NIE

## 1. Die koning wil wys hy kan self

Wat doen koning Farao nadat hy gesien het al die gode van sy land doen eintlik niks nie? As hulle nie wakkergemaak word nie, werk alles nog net soos dit moet. Hy moes mos gesien het dat dit die Hére is wat alles laat werk, nie die afgode wat hulle gemaak het nie! Kyk wat doen die koning en sy mense nou!

*"[20] Daarna het die Here vir Moses gesê: "Staan môreoggend vroeg op en gaan wag vir die farao by die water. Hy sal juis op pad wees soontoe. Sê vir hom: So sê die Here: Laat my volk gaan om My te dien, [21] want as jy my volk nie laat gaan nie, sal Ek steekvlieë op jou loslaat, op jou amptenare, op jou mense en in jou huise. In die huise van die Egiptenaars en ook op hulle lande sal dit swerm van die steekvlieë. [22] Maar dié dag sal Ek 'n uitsondering maak van die Gosenstreek waar my volk woon. Dáár sal nie 'n enkele steekvlieg wees nie, dat jy kan besef dat Ek, die Here, in die land is. [23] Ek neem my volk in beskerming, joune nie. Net môre sal hierdie wonder gebeur." [24] Die Here het dit toe gedoen. Groot swerms steekvlieë het in die paleis van die farao in gekom, in die huise van sy amptenare en oor die hele Egipte. Die land is daardeur lam gelê. [25] Toe roep die farao vir Moses en Aäron en sê: "Julle kan vir julle God gaan offer, maar hier in dié land!" [26] Maar Moses antwoord: "Dit kan ons nie doen nie, want ons offers aan ons God, die Here, gee aanstoot aan die Egiptenaars. As ons nou hier voor hulle oë offers bring wat vir hulle aanstootlik is, sal hulle ons mos met klippe doodgooi! [27] Ons wil maar net drie dagreise ver die woestyn in gaan om aan ons God, die Here, te offer soos Hy ons beveel het." [28] Hierna sê die farao: "Dan laat ek julle nou maar gaan om in die woestyn vir julle God, die Here, te offer. Moet net nie te ver weg gaan nie, en bid vir my." [29] Toe antwoord Moses: "Ek gaan nou weg van u af en sal die Here bid dat die steekvlieë môre van u af padgee en van u amptenare en u mense af. U Majesteit moet nou net nie weer u woord breek deur die volk nie te laat gaan om vir die Here te offer nie!" [30] Moses het weggegaan van die farao af en tot die Here gebid. [31] Die Here het toe gedoen wat Moses gevra het en die steekvlieë van die farao af laat padgee, en van sy amptenare en sy mense af. Daar het nie een oorgebly nie. [32] En tog het die farao ook hierdie keer onversetlik gebly en die volk nie laat gaan nie*." Exodus 8

Hy gaan alwéér na sy eie kerk toe langs die rivier. Hy wys alwéér dis hy wat sorg dat die water altyd in die Nylrivier vloei. Hy wys alweer dat hý sorg dat dit goedgaan met al die Egiptenare, nie die afgode nie. Daarom is dit nie so groot probleem as die afgode nie meer kan werk nie. Die belangrikste is dat die Farao nog kan werk. En as hý werk, dan is alles weer goed en reg.

Die Farao wys dat hy dit met almal in sy land kan laat gaan soos hý wil hê dit met hulle moet gaan. Hy kan dit goed laat gaan met mense, of hy kan dit sleg laat gaan met mense. Hy laat dit goedgaan met die mense van wie hy hou, en hy laat dit sleg gaan met die mense van wie hy nie hou nie.

Daarom het die koning en die mense nie eintlik al die afgode nodig nie. Hulle kan maar slaap. Die afgode het eintlik die kóning nodig. As hy van die afgode hou, dan is dit eintlik hý wat dit goed laat gaan met die afgode.

Hy kan sélf! Hy kan sélf besluit met wie dit goedgaan. Hy kan sélf besluit met wie dit sleg gaan. Daarom moet almal die koning soos 'n god behandel: hulle moet altyd doen wat hy sê, maak nie saak wát hy sê nie.

Wie in die koning se goeie boekies is, met hulle gaan dit goed. Wie in die koning se slegte boekies is, met hulle gaan dit sleg. Dit is hoe die koning en al die Egiptenare dink dit in Egipteland werk.

**2. Die Here wys dat Hý besluit met wie dit goedgaan en met wie dit sleg gaan**

Maar kyk wat doen die Here nou! Hy stuur steekvlieë om die Egiptenare te steek, maar in die plek waar die Here se kinders bly, die provinsie Gosen, sorg die Here dat daar nie steekvlieë is nie.

Wat gebeur nou binne die Farao se land? In sy land waar hy die koning is, gaan dit nou sleg met almal wat in die koning se goeie boekies is – die Egiptenare. Maar in die koning se land gaan dit góéd met die mense van wie die koning niks hou nie!

Hoe werk dit nou?

Nou werk dit soos die Hére dit laat werk. Nie soos die Farao dit laat werk nie. Al wil die koning die Egiptenare help, kan hy nie. En al wil die koning dit met die Here se kinders laat sleg gaan, kan hy dit ook nie met hulle laat sleg gaan nie. Die Here wys nou vir die Farao dat Hy dit binne-in Egipte met die Egiptenare kan laat sleg gaan, en dit binne-in Egipte met die Israeliete kan laat goedgaan, al wil die koning dit presies net andersom laat werk.

Nou is die Farao regtig in die moeilikheid.

Sy eie mense gaan mos nou sien dat dit nie hy is wat dit met mense goed of sleg laat gaan nie. Dit is die Hére. En as hulle dít sien, dan gaan hulle mos nie meer sommer net na alles luister wat die koning sê nie. Hulle sal nou mos eerder luister wat die Here sê.

**3. Die Farao wil stééds die baas bly**

Die Farao sê dat die Israeliete nou maar aan die Here kan offers bring. Dit beteken dat hy vir hulle sê hulle kan nou binne-in sy land, in Egipteland, die Here aanbid. Hulle kan kerkhou en die Here loof. Hulle kan kerkhou en tot die Here bid.

Dit is vir die koning ’n groot guns wat hy aan Moses toestaan. Hulle hoef nie meer die Egiptenare se afgode te aanbid nie. Hulle is nou vry om binne-in Egipteland die Here te loof en te aanbid soos hulle wil.

Maar daar is ’n vangplek.

Hulle moet binne-in Egipteland bly. Hulle mag kerkhou soos hulle wil, maar hulle moet nog steeds die koning se slawe wees en hulle doodwerk vir al sy simpel idees. Hulle kan kerkhou soos hulle wil, maar hulle moet nog steeds hulle hele lewe lank aan die koning se grafsteen bou.

Hulle mag nie die lewe leef wat die Here hulle wil laat leef nie. Hulle moet leef soos die kóning wil hê hulle moet leef. Maar hulle mag darem kerkhou.

Dit is die vangplek. Hulle mag kerkhou, maar die koning bly baas. Die Here kan nie vir koning sê wat om met Sy kinders te doen nie. Die koning sal vir die Hére sê wat die Here en Sy kinders moet doen. Hy bly baas in sy eie land.

Die koning wil nie sien dat die Here vir Sy kinders goed kan wees, en uit sy land kan wegvat om hulle eie lewe te leef nie.

**4. Die koning maak net mooi beloftes om uit die moeilikheid uit te kom**

Moses weet dat die koning wil baas bly. Daarom sê hy dat hulle nie net in Egipteland kan kerkhou nie. Hulle moet uit Egipteland uit wegtrek.

Hy speel saam met die koning sy baasspeletjie. Hy wys die koning dat die Egiptenare verskriklik kwaad gaan wees as hulle kerkhou soos hulle wil kerkhou. Hulle wil bulle en bokramme vir die Here offer. Maar bulle was vir die Egiptenare ’n god. Hulle het hom Apis genoem. Bokramme was ook ’n god. Hulle het hom Knum genoem. As die Israeliete nou kerkhou en diere offer, dan sal die Egiptenare dink dat hulle hul gode probeer doodmaak. Dan sal daar ’n verskriklike groot bakleiery begin.

Die Farao is in die moeilikheid. Hy weet die mense gaan gou-gou sien dat hy nie vir hulle kan goed wees nie. Daarom maak hy gou-gou beloftes wat hy wéét hy nooit sal nakom nie. Hy belowe dat die Israeliete kan trek as die Here die steekvlieë laat weggaan.

Hierdie beloftes is maar net mooipraatjies. Hy sal dit nie regtig doen nie. Hy wil nie hê dat die Israeliete moet leef soos die Here sê nie. Hy beloof maar net om uit die moeilikheid te kom.

**5. Mense doen dit vandag nog**

Mense maak vandág nog so! Hulle gee nie om as ons kerkhou nie, maar ons mag nie leef soos die Here sê ons moet leef nie. Hulle wil hê ons moet altyd leef soos húlle sê ons moet leef.

Ouers doen dit met kinders. Hulle gee nie om as kinders bid, Bybellees en kerk toe gaan nie. Maar die kinders moet altyd maak soos die ouers sê, al is dit baie keer volgens die Here verkeerd.

Regerings doen dit met die kerk. Die regering laat kerke toe om kerk te hou, maar die kerk mag nooit vir die regering sê dat hulle nie sal leef soos die regering sê nie, maar soos die Here sê.

Maar dit is nie hoe dit werk nie. Die Here sorg vir ons in plekke waar mense dink húlle is baas en vir ons kan sê net wat hulle wil. Die Here wys dat Hy vir ons goed is, maar sleg is vir hulle wat nie in Hom glo nie.

Daarom wil ons nie net vry wees om kerk te hou nie. Ons wil vry wees om te lééf soos die Here wil hê ons moet leef.

**6. Opdrag**

Gaan vra hierdie vraag vir Pa of Ma, of enige grootmens: is dit goed genoeg as ons kan kerkhou soos die Here wil hê ons moet kerkhou? Die antwoord: Nee, ons wil nie net kerkhou soos die Here vir ons sê nie. Ons wil vry wees om te lééf soos die Here vir ons sê om te leef.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog